

HENDRIK LOUW PRIMARY



**BELEID:
TOELATING**



TOELATINGSBELEID

Aangesien Laerskool Hendrik Louw (hierna “die Skool”) ‘n openbare skool is met regs persoonlikheid ingevolge die bepalings van Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) hierna “die Skolewet” waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam, hierna “SBL, soos in Artikel 16 van die Skolewet vervat, toevertrou is;

Aangesien die SBL ingevolge artikel 5 van die Skolewet by magte is om onderhewig aan die bepalings van die Skolewet en enige toepaslike Provinsiale Wet, die Skool se beleid rakende toelating van leerders tot die Skool en grade by die Skool te bepaal;

Aangesien die SBL met betrekking tot die kwessie van leerdertoelating tot die Skool of verskillende grade by die skool op die volgende wetgewing (hierna “die wetgewing”) let:

1. die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat in Wet Nr. 108 van 1996 (hierna “die Grondwet”);
2. Artikel 3(3)(4)(l) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwys-beleid, Nr. 27 van 1996 (“NEPA”);
3. die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, deur die Minister van Onderwys in Staatskoerant Nr. 19377 van 19 Oktober 1998 (Kennisgewing Nr. 2432/98) (hierna “ministeriële beleid”) gepubliseer;
4. die Wysigingswet op Onderwyswette, Nr. 50 van 2002; en
5. Norme en standaarde vir Taalbeleid in Publieke skole, (Gov.Gazette 18546, Des.97).
6. die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), soos aangepas (SASA);
7. die Regulasies m.b.t.: Vrystelling aan ouers van betaling van skoolgeld in publieke skole (Government Gazette 29311 of 10 Oct 2006) – SASA;
8. die Wes-Kaap Provinsiale Skoolonderwyswet, 1997 (wet 12 van 1997);
9. die Bevordering van toegang tot die Inligtingswet, 2000 (Wet 2 van 2000)
10. die Bevordering van die Administratiewe Jurisduksiewet, 2000 (Wet 3 van 2000)

Aangesien die skool en sy SBL die betrokke bepalings van die wetgewing raadpleeg in soverre dit vir hulle geld en bindend is en voorrang geniet bo die mag van die SBL om die Skool se toelatingsbeleid te bepaal, en terselfdertyd vasbeslote is om die volle toepassing van die Skool se toelatingsbeleid binne die perke van die wetgewing en van tyd tot tyd enige ander toepaslike wetgewing, te verseker, verklaar die SBL namens die Skool nou die Skool se Beleid vir die Toelating van Leerders tot die Skool of verskillende Grade by die Skool soos volg:

1. AANSOEKE OM TOELATING TOT DIE SKOOL

1.1 Daar word erken dat –

- (a) die aansoeke vir Graad R-7 vir die daaropvolgende jaar open elke jaar soos en wanneer dit deur die Onderwysdepartement aangekondig word. Aansoek moet aanlyn gedoen word by die Onderwysdepartement binne die voorgeskrewe tydperk, soos van tyd tot tyd aangekondig word deur die Onderwysdepartement, en bewys van gemelde aanlyn-aansoek moet binne die voorafgemelde voorgeskrewe tydperk by die skool ingehandig word.
- (b) die Departementshoof (Onderwys) (hierna “DH”) en/of amptenare van die departement van onderwys (DVO) wat deur die DH gedelegeer is (hierna “die DH-delegeerde(s)”), vir die administrasie van leerdertoelating tot die Skool verantwoordelik is; e
- (c) die DH/ die DH-gedelegeerde(s) ‘n registrasieproses vir toelating tot openbare skole moet bepaal sodat leerdertoelating op ‘n tydigte en doeltreffende wyse plaasvind.

1.2 Daar word beklemtoon dat die DH/ die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof hierdie beleid te alle tye sigbaar, billik en ingevolge die wet in aanmerking moet neem tydens optrede ooreenkomstig paragraaf 1.1 hierbo of die beslissingsproses rakende toelatingsaansoeke. Die Skool en sy SBL sal ook van die DH/ die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof verwag om te alle redelike tye volle toegang tot en afskrifte van enige registers of lêers wat as deel van die toelatingsproses gehou word te verkry.

1.3 Die Skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof verwag om die inligtingsbylae vir beheerliggaamdoel-eindes (hierby aangeheg) by die voorgeskrewe aansoekvorm in te sluit en die voltooiing daarvan deur die aansoeker te verseker.

- 1.4 Die skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof verwag om te verseker dat aansoekers van die volgende in kennis gestel word en ook skriftelik bevestig dat hulle dit gelees het en begryp:
- (a) die SBL-grondwet;
 - (b) die Skool se taalbeleid;
 - (c) die Gedragskode vir Leerders; en
 - (d) hierdie toelatingsbeleid.
 - (e) die skool se skoolfondsbeleid
- 1.5 Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige voog(de) van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die Skool en SBL geen aansoek tensy dit ingedien word deur die voog(de) van, of die persoon/persone met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige leerder, of 'n persoon/persone wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die leerder in loco parentis, vir die leerder se deelname aan uitstappies, ensovoorts. Gevolglik word daar van die DH/die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof verwag om te verseker dat hierdie benadering streng nagekom word.
- 1.6 Die SBL onderneem om die DH/die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof in pogings te ondersteun om die persone waarna daar in paragraaf 1.5 hierbo verwys word aan te moedig om voor die einde van die jaar wat die volgende skooljaar voorafgaan, binne die tyd en aansoekraamwerk soos deur die Departement van Onderwys bepaal, om die toelating van hul kinders/pleegkinders aansoek te doen.
- 1.7 Onderhewig aan hierdie beleid vereis die SBL dat die DH/die DH-gedelegeerde(s) / die Skoolhoof leerdertoeegang tot openbare skole, waaronder dié Skool, in oorleg met die Skool koördineer, en onderneem die SBL om opbouende ondersteuning te verleen ten einde te verseker dat alle geskikte leerders toepaslik toelating ontvang.
- 1.8 Waar 'n leerder of voornemende leerder twee of meer jaar bo die normale, wetsvoorgeskrewe ouderdom vir sy/haar betrokke graad is, of vir die graad waarom daar namens hom/haar aansoek gedoen word, moet die Skoolhoof die SBL raadpleeg oor of die leerder tot 'n toepaslike graad by die Skool, of 'n oorbruggingsprogram/bespoedigingsfasiliteit van die distriksdirekteur van die Provinsiale Departement van Onderwys toegelaat moet word, voordat daar op optrede onder die bepaalde omstandighede besluit word.

- 1.9 As 'n voorvereiste vir enige besluit rakende die toelating van 'n leerder tot die Skool, vereis die Skool en die SBL dat die DH/die DH-gedeleerde(s) / die Skoolhoof die volgende bepaling van die Grondwet streng nakom –

“28 (2) – ‘n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak”.

- 1.10 Die beginsel van *‘leerderbywoning van die naaste skool’* soos in die Skolewet omskryf, geld waar leerders/ouers nader aan 'n ander geskikte skool om toelating aansoek doen. Die oordeel van die Skoolhoof van die logistieke rondom getalle, infrastruktuur en kostes is hier van kernbelang as oorweging aan so 'n leerder gegee word insake toelating.

2. DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS (INSLUITEND DRAGKODE)

Hoewel aansoekers se weiering om die Skool se Gedragskode vir Leerders (insluitend dragkode) te onderskryf nie die toelating van die leerder tot die Skool kan verhoed nie, sal die kode nietemin bindend wees vir die leerder. Artikel 8(4) van die Skolewet bepaal soos volg:

'Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.'

Aansoekers word aangemoedig om die Skool te ondersteun deur hulleself van die Skool se Gedragskode vir Leerders te vergewis en die nakoming daarna deur leerders te verseker.

3. SKOOLGELD

- 3.1 Ouers (soos in Artikel 1 van die Skolewet omskryf) se versuim, weiering of onvermoë om skoolgeld te betaal, kan nie die toelating van leerders tot die skool verhoed nie.

Neem kennis van par. 3.6 (artikel 4) op p.5 van hierdie beleid.

- 3.2 Ingevolge Artikel 38-41 van die Skolewet, moet 'n algemene jaarvergadering van die ouers van ingeskrewe leerders by die Skool na dertig (30) dae kennisgewing aan ouers geskied. By die jaarvergadering besluit die meerderheid van die ouers teenwoordig op die aanvaarding al dan nie van die begroting wat vir die volgende boekjaar deur die SBL voorberei is. By dieselfde vergadering kan die meerderheid van stemberegtigde ouers teenwoordig, besluit dat die betaling van skoolgeld verpligtend moet wees, wat die skoolgeldbedrag per leerder per jaar sal wees, en watter maatstawwe, sal geld vir algehele of gedeeltelike vrystelling aan ouers wat nie die volle verpligte bedrag of 'n gedeelte daarvan kan betaal nie.

Ouers wat nie daartoe in staat is om enige gedeelte van die bedrag of die volle bedrag te betaal nie, is daarop geregtig om op die voorgeskrewe vorms by die SBL om algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen. Sodanige aansoeke moet vertroulik deur die SBL hanteer word. Die SBL sal billik optree en bogenoemde maatstawwe asook die bepalings van die ministeriële beleid toepas. 'n Afskrif van laasgenoemde sal op versoek aan ouers beskikbaar gestel word. Ouers wat om verminderde skoolfonds aansoek doen, kan die Beheerraad (met afspraak) by die skool vir bystand met die aansoek nader. 'n Ouer / ouers wat deur die SBL se besluit verontreg voel, kan ingevolge die prosedure wat in genoemde regulasies uiteengesit word, by die DH appelleer.

- 3.3 Aansoekers om vrystelling moet egter daarop let dat die gekombineerde jaarlikse inkomste van ouers in berekening gebring word in die besluit of die ouers vir vrystelling in aanmerking kom al dan nie. "Gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van ouers" word in Regulasie 1 van voorgenoemde regulasies omskryf as –

'die saamgestelde bruto inkomste van al die ouers van 'n leerder soos in die Wet omskryf...'

- 3.4 Die Skolewet omskryf "ouer" soos volg –

- (a) die ouer of voog van 'n leerder;
- (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir die leerder; of
- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

Dus, indien die leerder byvoorbeeld 'n pa én 'n ma het, maar by sy/haar tante woon, met ander woorde 'n persoon na wie daar in (c) hierbo verwys word, sal die gekombineerde bruto inkomste (vòòr belasting of aftrekkings) van al drie – d.w.s. die ma, pa én tante – in berekening gebring word wanneer daar oor algehele of gedeeltelike vrystelling besluit word.

- 3.5 Om hierdie rede moet die besonderhede van alle persone wat onder die omskrywing van "ouer" val, in die toelatingsaansoek aan die Skool verskaf word.

- 3.6 Die aansoeker se aandag word voorts op die volgende bepaling van die Skolewet gevestig -

(Artikel 41) – 'Die Beheerliggaam van 'n openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers wat daarvoor aanspreeklik is....., deur regsproses afdwing.'

- 3.7 Ouers van leerders word aangemoedig om die hoë onderrigstandaard en die goeie skoolfasiliteite en –omgewing in stand te hou deur skoolgeld te betaal en, waar hulle algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld ontvang, hulle dienste tot voordeel van die Skool aan die SBL beskikbaar te stel.

4. SKOOLEIENDOM

Aansoekers se aandag word op die volgende gevestig:

- (1) Elke leerder by 'n openbare skool sal goed omsien na die eiendom van die skool wat tot sy/haar beskikking gestel word, en sal dit voor of op die datum wat deur enige opvoeder by die skool aangedui word, aan die skool terugbesorg.
- (2) Die ouers van 'n leerder by 'n openbare skool sal aanspreeklik wees vir enige skade aan of verlies van skoleiendom waarvoor die betrokke leerder op sy/haar beurt teenoor die Skool aanspreeklik is.
- (3) Dit is elke ouer se plig om die Staat en die Beheerliggaam van 'n skool in die bevordering van 'n kultuur van respek vir skoleiendom by te staan.

5. RISIKO VAN SKADE OF VERLIES

Aansoekers word daarop gewys dat die Skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies (diefstal) van enige eiendom wat deur die leerder of sy/haar ouer(s) op die Skoolperseel gebring word nie, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, enof dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word. Leerders word aangemoedig om na enige eiendom wat op die Skoolperseel gebring word om te sien, en aansoekers en ouers van leerders word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

6. VOLGORDE VAN VOORKEUR MET BETREKKING TOT TOELATINGSANSOEKE

- 6.1 Tensy en totdat die DH in oorleg met die SBL anders besluit, is die natuurlike voedingsgebied van die Skool ge-baseer op die naaste geskikte Skool.
- 6.2 Die Skool is tans 'n Afrikaans-/ Engelsmedium-instelling (Paralelmedium) en beskik dus oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrig taal van die Skool is. Die Skool maak voorsiening vir drie(3) Afrikaanse- en twee(2) Engelse mediumklasse per graad.
In Graad R maak die skool voorsiening vir twee (2) Engelse en drie (3) Afrikaanse klasse.

6.3 Aangesien die Skool en die SBL weet dat hulle nie onregverdig teen 'n leerder mag diskrimineer namens wie 'n toelatingsaansoek ingedien word nie, en dus geensins voornemens is om te diskrimineer nie, en hoewel hulle graag hulle deel tot leerderonderrig in vennootskap met die Staat wil bydra, begryp hulle dat die Skool nie alle leerders kan inneem nie en dat een of ander vorm van (billike) diskriminasie rakende leerdertoelating onvermydelik is. Daarom en in die lig van voorgenoemde, is dit die Skool se beleid dat aansoeke in die volgende volgorde van voorkeur hanteer word -

(a) Eerstens, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) naaste aan die Skool woonagtig is (verwys 6.1), en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

(b) Tweedens, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) naaste aan die Skool woonagtig is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

(c) Hendrik Louw se Taalbeleid t.o.v. taal van onderrig.

6.4 Nieteenstaande voorgenoemde en in oorleg met die Distriksdirekteur, behou die SBL die reg voor om oorheersende voorkeur te gee aan broers of susters van leerders wat reeds by die Skool ingeskryf is.

Leerders wat in graad R is, het outomatiese toelating tot graad 1 / in die jaar daarna.

6.5 Die verpligte skoolgaande ouderdom en die verantwoordelikheid van ouers in terme van SASA Sec.3 (1) en Sec. 3(6) vanaf die ouderdom van 6 jaar tot en met die ouderdom van 15 jaar.

Graad R se toelatingsouderdom is 5 jaar en word 6 jaar in die jaar van toelating.

6.6 Toelating kan nie gefinaliseer word indien die nodige aansoek nie aanlyn voltooi is en bewyse daarvan by die skool ingedien is nie. Onvolledige aansoeke word nie verwerk voordat dit volledig en feitelik korrek voltooi is nie.

7. VEREISTES

Waar die bepalinge van Hendrik Louw se Toelatingsbeleid nie in die beste belang van 'n leerder of ander leerders is nie, sal die SBL en die Skool die ministeriële beleid raadpleeg.

8. TOELATING VAN PERSONE SONDER SUID- AFRIKAANSE BURGERSKAP

- 8.1 Leerders wat nie burgers van Suid-Afrika is nie se ouers moet in besit wees van `n permanente of tydelike woon permit soos uit gereik deur die Department van Binnelandse Sake.
- 8.2 Leerders wat die land binne gekom het met `n studie permit, moet dit indien by die skool waar om toelating aansoek gedien word.
- 8.3 Persone wat as onwettige immigrante geklassifiseer word, wat self of wat hulle kinders by `n Suid-Afrikaanse skool wil inskryf, moet skriftelike bewys lewer dat hulle by die Department van Binnelandse Sake aansoek gedoen het om hulle verblyf in Suid-Afrika te wettig.

9. DIE SBL EN DIE LEERDERS VAN DIE SKOOL

- 9.1 Daar sal van alle leerders verwag word om hulle pligte na te kom. Leerders is voorts daarop geregtig om hulle regte uit te oefen en op die handhawing van hulle regte aan te dring soos in die Skoolbeleid vervat.
- 9.2 Die SBL beskou homself gebonde tot die beskerming van die opvoeders, leerders, ouers en nie-opvoeders van die Skool teen liggaamlike of geestelike geweld in soverre die SBL by magte is daartoe, en voorts tot die koestering van die liggaamlike, geestelike en morele welsyn van leerders, opvoeders en nie-opvoeders. Vir hierdie doeleindes -
 - (a) behou die SBL die reg voor om die dissiplinêre en gedragsrekord van enige voornemende leerder by die Skool of `n vorige skool te bestudeer, en alle stappe binne sy mag te doen om die toelating van 'n leerder te verhoed wie se gedrag juis daardie beste belange kan bedreig wat die SBL belangrik ag om te beskerm;
 - (b) mag die SBL die DH om inligting vra en met hom/haar in geding tree oor die wysheid van die toelating van 'n leerder tot enige graad by die Skool wanneer sodanige leerder ernstig benadeel sal word deur sy/haar onvermoë om op die vereiste vlak vir behoorlike onderrig in daardie graad te kommunikeer of mee gekommunikeer te word;
 - (c) mag die SBL, gegewe die hulpbronne en omstandighede van die Skool, enige redelik uitvoerbare stappe doen om 'n gestremde voornemende leerder in die Skool te laat aanpas; en
 - (d) verwag die SBL dat personeellede, leerders of ouers enige saak by hom sal aanmeld met betrekking tot die misbruik

van magte of skending van regte of ander belange wat die SBL juis wil beskerm.

10. DIE OUERS EN DIE SKOOL/SBL

- 10.1 Ouers/voogde van leerders word versoek om die aangehegte toestemmingsvorm in te vul ten einde die Skoolpersoneel daartoe in staat te stel om in noodgevalle in die beste belang van die leerder op te tree, of die leerder se pyn of ongemak te verlig totdat die 'ouer(s)' kan ingryp.
- 10.2 Buiten hulle pligte, het ouers van leerders by die Skool ook verskeie regte. In hierdie verband word ouers na die Kode van die Regte en Pligte van Belanghebbendes by die Skool verwys. Ouers het onder andere die reg om geraadpleeg te word rakende die formulering van die Skool se taal- en godsdiensbeleid en gedragkode, of enige wysigings daaraan. Hulle word ook genooi om aanbevelings en voorstelle rakende die aanvulling of wysiging van bestaande beleid of die bestaande gedragkode ter oorweging by die SBL in te dien.
- 10.3 Ouers word aangemoedig om by al die werksaamhede van die Skool betrokke te raak, aan te bied om lede te word van die beheerstrukture en ondersteuningsgroepe wat die belange van die Skoolgemeenskap dien, en die onderrig-proses te ondersteun deur opbouend en professioneel met opvoeders om te gaan en te verseker dat leerders opgelegde take en huiswerk pligsgetrou en nougeset doen. Daar word voorts van ouers verwag om te verseker dat hulle kinders elke dag behoorlik toegerus en skoolgereed is om ten volle aan die onderrig-proses deel te neem en dat hulle die skool stiptelik en gereeld bywoon.

11. Hierdie beleid mag van tyd tot tyd deur die SBL gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

BYLAE 1

1. Vereiste inligting vir beheerliggaamdoeleindes bo en behalwe die besonderhede wat ingevolge Ministeriële-, Provinsiale beleid of wette verstrekk moet word:
 - 1.1 Die naam, woonadres, werkadres en alle telefoon/selfoon-, faks- of e-posbesonderhede van elke persoon wat onder die omskrywing van 'ouer' in die Skolewet val. Dit bly die verantwoordelikheid van die ouer om die skool t.o.v. wysigings in kennis te stel;
 - 1.2. 'n Gewaarmerkte afskrif van enige hofbevel wat voogskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon ('ouer') wat daarop aanspraak maak, bevestig;

- 1.3. 'n Beëdigde verklaring, werkgewersertifikaat, elektrisiteitsrekening of telefoonrekening of enige ander bewys wat redelikerwys deur die SBL vereis mag word om 'n leerder en sy/haar 'ouers' se woonplek, of die feit en plek van indiensneming van die leerder se 'ouers' te verifieer;
- 1.4. 'n Afskrif van 'n identiteits- of ander dokument wat die identiteit van elke persoon wat onder die omskrywing van 'ouer' in die Skolewet val, tot die bevrediging van die SBL bevestig;
- 1.5. Skriftelike magtiging deur die ouer(s)/voog(de)/persoon na wie in punt 2 verwys word, aan enige persoon om hom/haar/hulle in die aansoek om toelating van die leerder tot die Skool of in enige ander aangeleentheid met betrekking tot die leerder te verteenwoordig;
- 1.6. Die onderrigtaal wat namens die voornemende leerder gekies word(Hier moet die ouer in ag neem dat die skool klasse in Afrikaans en Engels aanbied. Die skool beveel ten sterkste aan dat die leerder onderrig moet word in die taal waain hy/sy die vaardigste is om akademies te vorder, derhalwe die taal van denke wat normaalweg die moedertaal is);
- 1.7. Besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die leerder (moontlik) ly asook die bestuur van sodanige leerder tydens onderrig;
- 1.8. Besonderhede van enige ernstige oortreding waaraan die leerder deur 'n hof of enige skool waar die leerder voorheen ingeskryf was, skuldig bevind is;
- 1.9. 'n Voltooide gedragserifikaat van die Skool waar die leerder tans ingeskryf is;
- 1.10. Besonderhede van enige toestand van die leerder wat die liggaamlike welsyn van enige ander leerder of personeellid van die Skool kan raak;
- 1.11. Besonderhede van enige bepaalde behoeftes wat die leerder mag hê en wat mag aandag verg om die leerder se skoolervaring te maksimaliseer of sy/haar beste belange te bevorder;
- 1.12. Besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die Skool bewus behoort te wees ten einde die beste belange van die leerder en/of enige ander leerders van die Skool te beskerm;

- 1.13. Enige bepaalde vakke wat die leerder graag wil studeer en wat nie deur 'n skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie;
- 1.14. Aansoekers moet onderneem om die Skool se waardegedrewe karakter en grondslag te respekteer;
- 1.15. Aansoekers moet onderneem om skoolreëls na te kom, om eerbied te betoon vir die beginsels en hulle te onderwerp aan die tugmaatreëls soos dit tans geld en die aanvaarding van skoolgesag;
- 1.16. Die ouers sowel as die leerders moet onderneem om die Skool se doelstellings te eerbiedig;
- 1.17 Ouers onderneem om skoolfonds te betaal soos deur die SBL bepaal.
- 1.18 Indien daar 2 of meer leerders betrokke is in 'n gesin en volgens klasgrootte nie genoegsame plek is vir almal in die gesin nie, is die skool onder geen verpligting om almal te aanvaar nie.
- 1.19 Indien 'n ouerdomsverskil meer as 2 jaar is t.o.v. die betrokke graad, is die skool onder geen verpligting om die leerder te aanvaar nie.

BYLAE 2

1. Beheerliggaambepalings bo en behalwe die ingevolge Ministeriële-, Provinsiale beleid of relevante wette:
 - 1.1. Aansoekers moet behoorlike beheer oor die akademiese inhoud van die vorige graad hê. Die skoolhoof kan na goeddunke enige toets hiervoor versoek en daarvolgens 'n beslissing maak;
 - 1.2. Aansoekers mag geen rekord van wangedrag of skorsing by ander skole hê nie;
 - 1.3. Aansoekers mag geen rekord hê van politieke aktivisme wat skoolwerkzaamhede ontwrig het nie;
 - 1.4. Ouers moet toesien dat vervoer nie 'n probleem is ten opsigte van skoolbywoning en die ondersteuning van buitemuurse bedrywighede nie;
 - 1.5. Die voorgeskrewe riglyne ten opsigte van skooldrag soos dit tans geld en deur die Beheerliggaam vasgelê is, moet gehandhaaf word;

- 1.6. Leerders wat na oordeel van die Skoolhoof en die Beheerliggaam aan enige georganiseerde wegbly-aksie deelneem, of enige vorm van intimidasie beoefen, verbeur hul toelatingsvoorreg aan Laerskool Hendrik Louw.
- 1.7. Die inklusiewe en multi-kulturele aard van die skool bemoeilik die beheer van leerders in die klas en die gepaardgaande verskaffing van gehalte onderwys. In die lig hiervan en in die lig van die strewe van die skool na die beste moontlike gehalte onderrig vir elke leerder en met in agneming van internasionaal-aanvaarbare norme en standaarde in soortgelyke omstandighede, is **die SBL genoodsaak om die volgende maksimum leerders per klas vas te stel:**

1.7.1 Graad R: 25 per klas
(RA1-25; RA2-25; RA3-25; RE1-25; RE2-25) = 125

1.7.2 Graad 1: 30 per klas
(1A1-30; 1A2-30; 1A3-30; 1E1-30; 1E2-30) = 150

1.7.3 Graad 2: 30 per klas
(2A1-30; 2A2-30; 2A3-30; 2E1-30; 2E2-30) = 150

1.7.4 Graad 3: 30 per klas
(3A1-30; 3A2-30; 3A3-30; 3E1-30; 3E2: 30) = 150

1.7.5 Graad 4: 30 per klas
(4A1-30; 4A2-30; 4A3-30; 4E1-30; 4E2-30) = 150

1.7.6 Graad 5: 30 per klas
(5A1-30; 5A2-30; 5A3-30; 5E1-30; 5E2-30) = 150

1.7.7 Graad 6: 30 per klas
(6A1-30; 6A2-30; 6A3-30; 6E1-30; 6E2-30) = 150

1.7.8 Graad 7: 30 per klas
(7A1-30; 7A2-30; 7A3-30; 7E1-30; 7E2-30) = 150

Uitsonderings moet deur die Skoolhoof na die SBL verwys word vir oorweging en goedkeuring.

- 1.8. Daar is 'n maksimum van drie (3) Afrikaanse klasse per graad en 'n maksimum van twee (2) Engelse klas wees. In graadgroepe waar die skool 'tydelik' 'n groot klas skei, bv. 2X Engelse-klasse in 'n graad of 3X Afrikaanse klasse in 'n graad, vanweë redes soos dissipline, personeelbestuur, e.a. moet die groep as EEN klas beskou word, aangesien die reëling/skeiding tydelik is en sou logistieke of finansiële of strukturele redes in die loop van 'n jaar die skool noop om die 'kleiner klasse' weer een te maak, moet die getal leerders in die groter klas bestuurbaar en hanteerbaar wees soos per skoolnorme insake klasgroottes. Die Skoolhoof moet sorg dat daar nie in sò 'n geval 'n 'oorvol' klas in die graad is nie.